PAUL ROOS
GIMNASIUM | GYMNASIUM

(021) 887-0017/77 086 651 5969
info@paulroos.co.za | www.paulroos.co.za
Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa

# HJS Top Boys 2026

Vrydag, 6 Februarie 2026

Die afgelope Vrydag het Paul Roos weer aan die jaarlikse HJS Top Boys byeenkoms in die Paarl deelgeneem. Dit is 'n geleentheid waarheen ons elke jaar uitsien, aangesien dit 'n goeie platform bied vir ons atlete om hulself in 'n mededingende omgewing te toets.

Die atmosfeer was aangenaam en die kompetisie het gesorg vir goeie aksie op beide die baan en veld. Paul Roos het uiteindelik 'n 4de plek behaal in die algemene puntestand teen van die provinsie se sterkste skole.

**Die finale puntestand was as volg:**

1. Paarl Boys High – 462.5
2. Hoër Landbouskool Oakdale – 183.5
3. Fairmont High School – 180.5
4. Paul Roos Gimnasium – 174
5. Boland Landbou – 132.5
6. HTS Drostdy – 108

**Hoogtepunte van die Aand**

Ons beste atleet van die dag was ongetwyfeld **Zachary Ribeiro**. Hy het nie net die verspring gewen met 'n massiewe afstand **van 6.92m** nie, maar is ook aangewys as die **Beste Senior Veldatleet** van die Dag.

Daar was ook talle ander goeie vertonings deur die Maroon Machine wat uitgestaan het:

- Joey Calitz (o/17): Joey het uitstekend gevaar met eerste plekke in beide die Gewigstoot (15.62m) en Diskusgooi (51.33m).

- Schalk Lubbe (o/14): Het eerste oor die wenstreep gekom in die 400m (57.41s).
- Requelme Juicy (o/14): Behaal ’n eerste plek in die hoogspring met ’n hoogte van 1.70m.
- Jacques Pienaar (o/15): Wen die 1500m-wedloop in ’n tyd van 4:45.91.
- Andrew Lappeman (o/19): Het koning gekraai in die driesprong met ’n afstand van 12.90m.

Ander atlete wat podiumplekke behaal het, sluit in Jason Hendricks, Christiaan De Waard, Luke Smit, Hafeez Gabier, Joel Fillis, Christiaan Barnard, Sky Johnson, Lathita Toto, Kehan Steynberg, Dominique Brandt en Lyle Richter.

Dit was ’n genotvolle byeenkoms en ons is trots op elke atleet wat die skool verteenwoordig het. Ons gee nou ons volle aandag aan die belangrike Prestige-byeenkoms wat Dinsdag, 10 Februarie plaasvind.

**Semper Splendidior**

**Ryno Niemand,** *Hoof van Atletiek*